# AASJAG BYBELVASVRA



# Jeremia:

1. **<u>Vraag</u>**:  Wie was Jeremia gewees?

   **<u>Antwoord</u>**: ‘n Profeet – Jerm 1:5

2. **<u>Vraag</u>**: Daar is twee boeke in die Bybel wat deur Jeremia geskryf is, die een is die boek Jeremia – wat is die ander boek?

   **<u>Antwoord</u>**: Die Klaagliedere van Jeremia

3. **<u>Vraag</u>**: Wanneer het God vir Jeremia as Profeet geroep?

   **<u>Antwoord</u>**: Voordat hy gebore is – Jerm 1:5

4. **<u>Vraag</u>**: Daar is vier goed wat God gesê het wat Jeremia NIE mag doen nie, noem die vier.

   **<u>Antwoord</u>**: trou, kinders hê, begrafnisse bywoon of troues bywoon – Jerm 16

5. **<u>Vraag</u>**: Noem twee slegte goed wat met Jeremia gebeur het terwyl hy ‘n Profeet van die Here was?

   **<u>Antwoord</u>**: Jerm 20:1-3 – Jeremia is deur die Priester laat slaan en in blokke gesit
   Jerem 38:6 – Jeremia is in ‘n put gegooi om van die honger en dors dood te gaan.

Gaan loer gerus by die skakel hieronder na nog ‘n klompie vrae en inligting oor die Profeet Jeremia:

http://www.doinggood.org/BibleQuizzesQuizFaber/MajorProphets/Jeremiah%201-17.htm

https://www.simplybible.com/f63a-mtrib-tribulations-of-jeremiah.htm?f40b-bilis-facts-about-jeremiah.htm

# Deuteronomium:

**Vir hierdie vrae gaan die deelnemers leidrade kry, en rondkrap in die Bybel om dit te beantwoord:**

1. **Vraag**: Waar in die Bybel kry ons die boek Deuteronomium en die hoeveelste boek is dit in die Bybel?

   **Antwoord**: Ou Testament, en dis die vyfde boek in die Bybel.

2. **Vraag**: In Deuternonomium 3:23-26 noem Moses dat hy nie die beloofde land mag ingegaan het nie, maar net daarna kon kyk. Lees in Numeri 20:1-13 wat het Moses gedoen wat die Here hierdie besluit laat neem het.

   **Antwoord**: Hy het die rots geslaan i.p.v. daarmee te praat soos die Here hom beveel het, daardeur het hy God nie as die Heilige van Israel erken nie, en was hy ongehoorsaam gewees.

3. **Vraag**: Hoe oud was Moses volgens Deuternonomium 34:7 toe hy gesterf het, en in watter gesondheidstoestand was hy gewees?

   **Antwoord**: 120 jaar oud, sy oë was nog goed, en hy het nog krag gehad.

4. **Vraag**: Wie het Moses volgens Deuternonomium 34:5-6 begrawe?

   **Antwoord**: Die Here self.

5. **Vraag**: Wat sê Deuternonomium 34:10 vir ons oor die tipe verhouding wat Moses met die Here gehad het?

   **Antwoord**: Moses het die Here persoonlik geken.

6. Gaan kyk na van die interessante wette wat die Here vir die Israeliete gegee het by die teksverse hieronder:

   Wette oor klere:  Deut 22:11 / Deut 22:12 – Num 15:38-39

   Wet oor veiligheid: Deut 22:8

   Wet oor ontvoering en mensehandel: Deut 24:7

   Wet oor skuld: Deut 15:1

   Wet oor pasgetroude mans en oorlog: Deut 24:5

Wette oor diere: Deut 25:4 / Deut 22:6-7

Wet oor grond: Eks 23:10-11

Loer gerus na die lys van al 613 wette met teksverse by die skakel hieronder:
https://www.gospeloutreach.net/613laws.html

# Paulus - Handelinge

1. **Vraag**: Watter soort werk het Pauls gedoen – behalwe dat hy 'n apostel was?

   **Antwoord**: Tentmaker – Hand 18:1-3

2. **Vraag**: Wat het Paulus gedoen voordat hy 'n apostel was?

   **Antwoord**: Christene vervolg en laat doodmaak – Hand 8:1-3

3. **Vraag**: Hoe het dit gebeur dat Paulus die Christene nie meer vervolg het nie?

   **Antwoord**: God het hom oppad Damaskus toe laat blind word, en 'n ontmoeting met hom gehad, daar is vir hom gebid, hy het hom laat doop, en het 'n volgenling van Jesus geraak – Hand 9:1-19

4. **'n Paar interessante feite rondom Paulus:**
   - Paulus het die klere opgepas van die manne wat Stefanus gestenig het – Hand 7:58
   - Paulus het die Bybel goed geken – Hand 22:3
   - Medegelowiges het Paulus een nag in 'n mandjie teen die stadsmuur laat afsak omdat die Jode hom wou doodmaak – Hand 9:25
   - Medegelowige in Jerusalem was bang vir Paulus gewees, want hulle kon nie glo dat hy 'n volgeling van Jesus geword het nie – Hand 9:26
   - Paulus is gestenig en vir dood gelos, nadat die gelowiges rondom hom gaan staan het het hy opgestaan – Hand 14:19-20.
   - Paulus en Barnabas het so sterk verskil oor wie hulle saam op 'n sendingreis moes neem, dat hulle van mekaar geskei het – Hand 15:36-39
   - Paulus en Silas het in die tronk gebid en tot lof van God gesing nadat hulle baie geslaan was. Terwyl hulle sing was daar 'n aardbewing, en die tronkbewaarder en sy familie het tot bekering gekom – Hand 16:23-33
   - Paulus het eenkeer so lank gepreek dat 'n jong man met die naam Eutigus hom by die venster van die derde verdieping uit doodgeval het. Paulus het vir hom gebid en hy het lewendig geword – Hand 20:9-12

# Jesaja

1. **<u>Vraag:</u>** God het iemand gesoek om Sy boodskapper te wees, en Jesaja het sy hand opgesteek. Wat het die Seraf (engel) toe met hom gedoen?

   **<u>Antwoord</u>**: 'n Seraf het sy lippe met 'n gloeiende kool vuur aangeraak.

2. **<u>Vraag</u>**: Hoekom het die serafs Jesaja se mond met 'n gloeiende kool aangeraak?

   **<u>Antwoord</u>**: Jesaja het gesê dat elke woord uit sy mond onrein is, die seraf het sy mond aangeraak om sy oortredings te vergewe en sy sonde te versoen. - Jes 6:5-7

3. **<u>Vraag</u>**: Watter vreemde opdrag gee God vir Jesaja in Jes 20:2?

   **<u>Antwoord</u>**: God het gesê dat hy sy klere en sy skoene moet uittrek. Hy het vir drie jaar lank sonder skoene en sonder klere rondgeloop.

4. **<u>Vraag:</u>** Hoekom het God vir Jesaja so 'n vreemde opdrag gegee?

   **<u>Antwoord</u>**: Hierdie vreemde opdrag was 'n lewende getuie teen Egipte en wat God met hulle sou doen. – Jes 201:2

5. **<u>Vraag :</u>** Van die bekendste Bybelverse kom uit die boek Jesaja uit, kan jy dalk een opnoem?

   **<u>Antwoord:</u>**
   ***Jes 40:31*** – Maar die wat op die Here vertrou kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

   ***Jes 1:18*** – Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu, al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.

6. **<u>Vraag</u>**: Oor Wie het Jesaja baie geprofeteer?

   **<u>Antwoord</u>**: Oor Jesus, oor Sy koms, Sy lyding en ook Sy oorwinning. - Jes 7:14; Jes 9:5-6; Jes 53

# Job

1. **Vraag**: Hoe het God oor Job gevoel?

   **Antwoord**: Hy was baie tevrede met hom en het amper by die satan oor hom 'gebrag' Job 1:8

2. **Vraag:** Satan was nie so seker dat Job so oulik was soos God gesê het nie, wat het God satan toegelaat om met Job te doen?

   **Antwoord**: Satan kon met Job doen wat hy wou, hy mag hom net nie doodgemaak het nie – Job 1:12

3. **Vraag**: Nadat satan alles van Job geneem het, het hy God nogsteeds nie gevloek nie, wat wou satan volgende doen?

   **Antwoord**: Hy het vreeslike sere op Job se lyf laat uitkom – Job 2:7

4. **Vraag**: Job se vriende het by hom kom kuier om hom te probeer troos: a) hoeveel vriende was daar, b) het hulle hom gehelp?

   **Antwoord**: a) hy het 3 vriende gehad b) hulle het alles net erger kom maak, want hulle het nie die waarheid oor God gepraat nie – Job 42:7-8

5. **Vraag**: Wat moes Job op die einde vir sy vriende doen?

   **Antwoord**: Vir hulle bid – Job 42:8

6. **Vraag**: In Job 42:10 lees ons dat God Job op die einde meer gegee het as wat hy aan die begin gehad het. Lees Job 1:2-3 en maak 'n lys van alles wat Job verloor het, lees dan Job 42:12-13 en skryf neer wat die Here hom weer gegee het.

**Antwoord:**

| Getal aan die begin Job 1:2-3 | Job het | Getal nadat God seën Job 42:12-13 |
|---|---|---|
| 7 seuns en 3 dogters | Seuns en dogters | 7 seuns en 3 dogters |
| 7 000 | Skape | 14 000 |
| 3 000 | Kamele | 6 000 |
| 500 | Beeste | 1 000 |
| 500 | Eselinne | 1 000 |

# Jesus – Matteus / Lukas

1. **<u>Vraag</u>**: Hoe oud was Jesus toe Hy begin bedien het?

   **<u>Antwoord</u>**: ongeveer 30 jaar oud – Luk 3:23

2. **<u>Vraag</u>**: Hoeveel apostels het Jesus gehad?

   **<u>Antwoord</u>**: 12 – Mark 3:14-19

3. **<u>Vraag</u>**: Hoeveel keer het Jesus broodjies en vissies vermeerder?

   **<u>Antwoord</u>**: twee keer – Matt 14:13-21 / Matt 15:32-39

4. **<u>Vraag</u>**: Twee van Jesus se dissipels het Hom in die rug gesteek. Wie was hulle en wat het hulle gedoen?

   **<u>Antwoord</u>**: Petrus het Jesus verloën (Joh 18:15-27) en Judas het Jesus verraai (Matt 26:14-15)

5. **<u>Vraag:</u>** Jesus het die mense deur gelykenisse geleer – wat is 'n gelykenis?

   **<u>Antwoord</u>**: Stories

6. **<u>Vraag</u>**: Vir wie het Jesus uit die dood uit opgewek?

   **<u>Antwoord</u>**: Lasarus – Joh 11:38-44

7. **<u>Vraag</u>**: Watter dissipel het saam met Jesus op die water geloop?

   **<u>Antwoord</u>**: Petrus – Matt 14:28-30

8. **<u>Vraag</u>**: Waar het Jesus die water in wyn verander?

   **<u>Antwoord</u>**: Die bruilof in Kaänan – Joh 2:1-11

9. **<u>Vraag</u>**: Hoe weet ons dat die natuur na Jesus luister?

   **<u>Antwoord</u>**: Hy het die storm stilgemaak – Matt 8:23-27

10. **<u>Vraag</u>**: Hoekom het Jesus aarde toe gekom?

    **<u>Antwoord</u>**: Om vir ons sondes aan die kruis te sterf – Joh 3:16-17

**11.** **Vraag**: Hoekom is Jesus so belangrik?

**Antwoord**: Want Hy is die enigste manier om by God uit te kom – Joh 14:6

**12.** **Vraag**: Hoe onthou ons wat Jesus vir ons gedoen het?

**Antwoord**: Deur die nagmaal gereeld te gebruik – Matt 26:26-30

# Daniël

1. **Vraag**: Wie was Daniël se drie vriende gewees?

   **Antwoord**: Gananja, Misael en Asarja – Dan 1:6

2. **Vraag**: Wat was die nuwe name wat die koning vir Daniël en sy drie vriende gegee het.

   **Antwoord**: Beltsasar; Sadrag; Mesag en Abednego – Dan 1:7

3. **Vraag**: Hoekom wou Daniël se drie vriende nie voor die koning se beeld buig nie?

   **Antwoord**: Hulle het hulle God wat hulle dien, en Hy kan hulle red as Hy wil – Dan 3:17

4. **Vraag**: Wat het met hulle gebeur omdat hulle nie voor die koning se beeld wou buig nie?

   **Antwoord**: Hulle is in ‘n vuuroond gegooi – Dan 3:16-21

5. **Vraag**: Wat het met hulle in die vuuroond gebeur?

   **Antwoord**: God het ‘n engel gestuur wat saam met hulle in die vuuroond rondbeweeg het. Die vuur kon niks aan hulle doen nie, hulle hare was nie eers geskroei nie, en hulle klere het nie eens geruik dat hulle in die vuur was nie – Dan 3:25;27

6. **Vraag**: Hoeveel keer op ‘n dag het Daniël gebid?

   **Antwoord**: drie keer – Dan 6:11

7. **Vraag**: Wat het met Daniël gebeur omdat hy God aanbid het?

   **Antwoord**: Hy is in ‘n leeukuil gegooi – Dan 6:17

8. **Vraag**: Wat het met Daniël in die leeukuil gebeur?

   **Antwoord**: God het Sy engele gestuur om die leeus se bekke toe te sluit en Daniël het niks oorgekom nie – Dan 6:22-23

# Eksodus

1. **Vraag:** Hoe het God aan Moses verskyn toe Hy hom geroep het?

   **Antwoord**: In 'n brandende bos – Eks 3:2-4

2. **Vraag**: Wat wou God hê moes Moses vir Hom doen?

   **Antwoord**: Moses moes na Faro gaan om die Israeliete – God se volk – uit Egipte te lei – Eks 3:10

3. **Vraag**: Wat was Moses se verskoning hoekom hy dit nie kon doen nie?

   **Antwoord**: Hy praat swaar en sy tong sukkel – Eks 3:10

4. **Vraag**: Hoe het God hom hiermee gehelp?

   **Antwoord**: Hy het sy broer Aaron saam gestuur, en het belowe om self by hulle te wees, en hulle te leer – Eks 3:14-16

5. **Vraag**: Faro wou die Israeliete nie laat trek nie, en God het toe plae oor Epigte laat kom. Hoeveel plae was daar gewees?

   **Antwoord**: 10 plae

6. **Vraag**: Wat was die laaste plaag gewees?

   **Antwoord**: Dood van die eersgeborenes – Eks 12:29

7. **Vraag**: Wat moes die Israeliete doen sodat hierdie plaag hulle nie tref nie?

   **Antwoord:** Hulle moes die bloed van 'n lammetjie aan hulle deurkoesyne smeer, en wanneer die doodsengel verbykom sou hy hulle huise nie tref nie – Eks 12:7;13

8. **Vraag**: Met hierdie plaag het God vir die Israeliete 'n belangrike fees ingestel, wat was dit gewees?

   **Antwoord**: Paasfees – Eks 12

9. **Vraag**: Hoe het die Israeliete geweet dat God by hulle was terwyl hulle getrek het?

   **Antwoord**: Bedags was Hy by hulle in die vorm van 'n wolkkolom en snags in die vorm van 'n vuurkolom – Eks 13:22

10. **Vraag**: Wat het God vir die Israeliete in die woestyn gegee om te eet?

   **Antwoord**: Manna uit die hemel uit – Eks 16:31

11. **Vraag**: Watter spesiale verhouding het God met Moses gehad?

   **Antwoord**: God het direk met hom gepraat, soos met 'n vriend – Eks 33:11

12. **Vraag**: Noem 'n paar van die wonderwerk wat God deur Moses gedoen het:

   - Water in bloed verander – Eks 7:19
   - As hy sy staf neergooi raak dit 'n slang, en as hy dit optel weer 'n staf – Eks 7:9-10
   - Moses het die see met sy staf laat skei – Eks 14:16;21
   - Moses het water uit 'n rots laat kom – Eks 17:5-6
   - Moses het bitter water soet laat raak – Eks 15:23-25

# Elia

1. **Vraag**: Wat, het die Here beveel om vir Elia tydens die droogte te sorg?

   **Antwoord**: Kraaie – 1 Kon 17:1-4

2. **Vraag**: Hoekom was daar 'n droogte gewees?

   **Antwoord**: Elia het vir die koning gesê dat dit nie sal reën of dou vir die volgende paar jaar, tensy hy so sê nie – 1 Kon 17:1

3. **Vraag**: Hoe het God vir Elia gesorg tydens die droogte?

   **Antwoord**: Eers deur die kraaie wat vir hom kos gebring het, en toe deur die weduwee 1 Kon 17:4;9

4. **Vraag**: Hoe het die kraaie vir Elia gesorg?

   **Antwoord**: Hulle het in die oggend en in die aand vir hom brood en vleis gebring 1 Kon 17:6

5. **Vraag**: Watter wonderwerk het God in die weduwee se huis gedoen sodat sy vir Elia kon sorg?

   **Antwoord**: Die meel en die olie het nie minder geraak totdat dit begin reën het nie
   1 Kon 17:14

6. **Vraag**: Hoe lank was die droogte gewees?

   **Antwoord**: Ongeveer 3 jaar lank – 1 Kon 18:1

7. **Vraag**: Noem 'n paar van die kragtige dade wat God deur Elia gedoen het.

   Elia wek die weduwee se seun uit die dood op – 1 Kon 17:17-24
   Elia hardloop voor Agab se wa uit – 1 Kon 18:46
   Elia bid vir vuur uit die hemel wat alles op die altaar verbrand – 1 Kon 18:30-39
   Elia roep vuur uit die hemel wat 102 mense verbrand – 1 Kon 1:9-12
   Elia verdeel die Jordaan rivier met sy mantel na twee kante toe – 1 Kon 2:8

# Samuel

1. **Vraag**: Wie was Samuel se ma gewees?

   **Antwoord:** Hanna – 1 Sam 1:20

2. **Vraag**: Wat was die gelofte en die teken daarvan, wat Samuel se ma aan die Here afgelê het, as Hy vir haar 'n seun gee.

   **Antwoord**: Sy sal hom sy lewe lank vir die Here gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie – 1 Sam 1:11

3. **Vraag**: Hoe het die Here die eerste keer met Samuel gepraat?

   **Antwoord**: Hy het hom drie keer in die nag geroep – 1 Sam 3:8

4. **Vraag**: Hoe het Samuel die Here geantwoord?

   **Antwoord**: Praat Here, U dienaar luister – 1 Sam 3:10

5. **Vraag**: Samuel het die eerste koning van Israel gesalf, wie was hy gewees?

   **Antwoord**: Saul – 1 Sam 9:2

6. **Vraag**: Nadat Saul ongehoorsaam aan die Here was, het die Here vir Samuel opdrag gegee om 'n ander koning te salf. Wie was hy gewees?

**<u>Antwoord</u>**: Dawid – 1 Sam 16:13

7. **<u>Vraag</u>**: Hoe het Samuel daaroor gevoel dat God vir Saul as koning verwerp het?

   **<u>Antwoord</u>**: Hartseer, hy het oor hom getreur – 1 Sam 16:1